



'n Kersfees storie

Stoffel op

Stoffel: Hallo al julle maats!! Oeeee , ek is sommer baie opgewonde vandag!! Kan julle dalk raai hoekom?? Huh ?

...Ja, dis KERSFEES!!! Ek het uitgewerk dis nog net 39 slabies ! Oooo, ek gaan baaaaie persente kry!! Wil julle ook persente he?

Skaap op

Stoffel [bietjie verskrik] : Huh , n skaap!! Wat soek n skaap hier by ons vandag?

Skaap: Meeee, Hallo Stoffel!! Ek gaan julle help om die Kersfees storie te vertel. Jy ken tog sekerlik die kersfeesstorie?

Stoffel: Ehhh, ja, ek dink so, Wismuis het ons al vertel. ...maar hoekom juis jy, ou skaap?

Skaap: Meeeeee, want ek was daar!!!!

Stoffel: Huh.....O,nee, ou skaap , dit kan nie wees nie, Wismuis het gese dit was 2000 jaar gelede?

Skaap: Okay , okay ... ek was nie daar nie,maar my oupagrootjie se oupagrootjie, se oupagrootjie, se oupagrootjie, se oupagrootjie....

Stoffel: Ok, ok ...ons kry die idee ...

Skaap: Ja, so hy was daar en die storie is so oorgedra van skaap tot skaap deur al die eeue sodat ek julle nou die storie kan vertel asof ek self daar was.

Stoffel: Wel dan moet jy ons maar vertel....

Skaap: Meeeeee, nou goed,....meeeee.....waar begin ek?

Stoffel:Begin by die begin, duhhh

Skaap: Ons was soos enige gewone nag in die veld saam met ons herders. Ek het net aan die slaap geraak toe n vreeslike helder lig my wakker maak!! Dit was asof iemand die son aangeskakel het in die middel van die nag!

Stoffel: Jy het jou seker doodgeskrik!!?

Skaap: Eers nie, want ek het agter die herder gaan wegkruip, maar , toe ek sien hoe bang hy is , het ek ook maar bang geword. Meeeeee.....toe ek opkyk staan daar n pragtige Engel voor ons en sê dat ons nie hoef bang te wees nie!

Stoffel: Wow... n regte, egte Engel?

Skaap : Ja, ...meeeeen hy se toe dat daar vandag in Betlehem 'n kindjie gebore is. Sy naam is Jesus, die Verlosser vir alle mense. Ons sal hom in n stal kry , togedraai in doeke in n krip. En toe...meeee.... Was daar skielik nóg honderde engele saam met die engel wat God loof en Prys met die mooiste musiek ! Meeeeee.... Ons was almal soooo bly!!!

Stoffel:en wat gebeur toe, huh?

Skaap: Meeeeee, toe....toe los die skaapwagters ons nét daar en hardloop Betlehem toe om dié Jesus te gaan ontmoet.

Stoffel: Maar hoe gaan ons nou weet wat volgende gebeur het?

Donkie kom op

Donkie: Hoheehoheeeee, hallo julle.....dalk kan ek julle help met die storie verder? Julle sien ek was in die stal waar Jesus gebore is daardie nag en ek het alles gesien. Hoheehohee

Stoffel: Of eerder jou oer, oer ,oer oupagrootjie het alles gesien

Donkie: Hoheeeee heee[lag]... ja,so iets...maar hulle het die storie mooi oorvertel sodat ek julle mooi kan vertel asof ek self daar was!

Skaap: Nou vertel ons Donkie , ek wag al hoe lank om die storie verder te hoor!

Donkie: Hoheeeehoheeeee..... Ek was nog rustig in die stal besig om my strooi te kou , toe die herbergier daar inkom met Josef en Maria. Maria het n baba verwag en sy het baie moeg gelyk . Die herbergier se toe dat hulle maar in die stal moet slaap, want daar was nie meer plek in die herberg nie. Ek het hulle nogal jammer gekry om maar daar op die strooi te slaap.

Skaap: Meeeeee... arme goed....en toe?

Donkie: Wel, toe n paar uur later is Jesus gebore, net daar by ons in die stal. Ek het nog vir vark gesê om op te hou snork omdat ek bang was Jesus word wakker. Maria het hom in doeke toegedraai en in ons krip neergelê.

Stoffel: Dis seker toe wat skaap se skaapwagters daar aangekom het?

Donkie: Ja, hoheeeehoheeeee, die skaapwagters het daar aangehardloop gekom en was vreeslik bly om die kindjie te sien. Hulle het kom vertel van die Engel in die veld en dat ons moet bly wees want Jesus is ons Grootstekersgeskenk ooit! Hy is gebore om ons almal te verlos !

Skaap: So ons moet bly en opgewonde wees oor Kersfees omdat Jesus gebore is vir óns! Nie oor presente en mooi versierings nie, né Stoffel?

Stoffel: O,ja.....Jesus is ons Grootste kersgeskenk vir altyd!!!!

Donkie: Hoheeeehoheeeee

Skaap: Meeeeee!

Stoffel: Kom maats, kom ons sing “Al was ek nie daar daar nie daar nie” saam.

Almal saam: 1, 2 , 3

Geskryf deur Petru Vlok